

**28 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 6**

**Die Oorwinnaarruiter en sy agterryers**

As die Leeu wat 'n Lam is die eerste seëls van die regeringsplan oopmaak, is daar vier perde wat oor die aarde ry. Dit het betrekking op die tyd tussen die hemelvaart en wederkoms van Christus.

Ons word dikwels oorweldig deur die drie perde wat agter die wit perd ry. Ons lewe word in beslag geneem in die stryd teen die rooi perd van oorlog, die swart perd van honger en die vaal perd van die dood. Maar ons kyk so maklik verby die geweldige dramatiese verskyning van die ruiter op die wit perd met sy oorwinnaarskroon. Dit is Christus met die pyl en boog van die evangelie.

Elke oorlog en hongersnood en dood moet die mens terugdryf na Christus en sy Woord.

Maar dan volg daar so skielik in Openbaring 6:9-11 'n troongesig en hoor Johannes die gelowiges in die hemel roep: Hoe lank nog voordat die oordele van God oor sy vyande kom?

By die sesde seël se oopmaak, is dit die ongelowiges wat om beskerming teen die oordele van God roep. Ons soek vrede en voedsel en troos in ons droefheid. In 2 Petrus 3:9 lees ons: God is "geduldig ... omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

Vergeet dan nooit in jou stryd teen geweld en armoede en die dood die Oorwinnaarruiter nie!

*Sing: Psalm 98:4*

*Dr B Duvenage (Emeritus)*